

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c Tuesday 2 December 1975 WINDHOEK Dinsdag 2 Desember 1975 No. 3506

CONTENTS

INHOUD

	<i>Page</i>		<i>Bladsy</i>
GOVERNMENT NOTICE:		GOEWERMENTSKENNISGEWING:	
No. 334 Ordinance, 1975: Promulgation of	2041	Ordonnansie, 1975: Uitvaardiging van	2041

Government Notice	Goewermentskennisgewing
--------------------------	--------------------------------

The following Government Notice is published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrator's Office,
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 334] [2 December 1975

No. 334] [2 Desember 1975

ORDINANCE, 1975: PROMULGATION OF

ORDONNANSIE, 1975: UITVAARDIGING VAN

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:

<i>Title</i>	<i>Page</i>	<i>No.</i>	<i>Titel</i>	<i>Bladsy</i>
Second Liquor Amendment Ordinance, 1975	2042	22	Tweede Drankwysigingsordonnansie, 1975	2043

No. 22 of 1975.]

**SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.**

(Assented to 1 December 1975).

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

(Date of commencement 2 December 1975.)

ORDINANCE

To amend the Liquor Ordinance, 1969, so as to further regulate the powers of magistrates in relation to the amendment of conditions on the renewal of licences; to further regulate exemptions in relation to the payment of application fees; to relax the requirements in respect of the general suitability of premises; to correct a versional error in the Afrikaans text of section 76; to further regulate applications for the renewal of accommodation establishments on-consumption licences; to further regulate the imposition of conditions in respect of licences; to provide for the amendment of conditions during the period of validity of licences; to repeal section 90; to amend the text of section 108; to further regulate the power to make certain prohibitions or restrictions applicable to particular classes of persons only; to extend the powers and duties of the police in relation to reporting on the compliance with conditions imposed on licensees; to delete certain fixed conditions of licences granted in respect of premises in the Rehoboth-Gebiet and in approved townships for Coloureds; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

Amendment of section 42 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 9 of Ordinance 20 of 1971.

1. Section 42 of the Liquor Ordinance, 1969 (Ordinance 2 of 1969) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for subsections (4), (5) and (6) of the following subsections:

“(4) No condition or restriction imposed by the Executive Committee or the board or with the approval of the Executive Committee granted under section 81(3), shall be amended or deleted at the request of the applicant unless the applicant has produced to the magistrate the permission in writing of the Executive Committee or the board, as the case may be: Provided that where a condition or restriction has been imposed by the Executive Committee under a law repealed by section 160, the board shall have power to grant permission or otherwise for the proposed amendment or deletion.

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.

(Goedgekeur 1 Desember 1975.)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)
(Datum van inwerkingtreding 2 Desember 1975.)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Drankordonnansie 1969, ten einde die bevoegdheid van landdroste met betrekking tot die wysiging van voorwaardes by die hernuwing van lisensies verder te reël; om vrystellings met betrekking tot die betaling van aansoekgelde verder te reël; om die vereistes ten opsigte van die algemene geskiktheid van persele te verslap; om 'n teksfout in die Afrikaanse teks van artikel 76 te verbeter; om aansoeke om die hernuwing van binneverbruikslisensies vir huisvestingsinrigtings verder te reël; om die oplegging van voorwaardes ten opsigte van lisensies verder te reël; om voorsiening te maak vir die wysiging van voorwaardes gedurende die geldigheidsduur van lisensies; om artikel 90 te herroep; om die teks van artikel 108 te verbeter; om die bevoegdheid om sekere verbodinge of beperkings net op bepaalde klasse van persone toepaslik te maak, verder te reël; om die bevoegdhede en pligte van die polisie met betrekking tot verslagdoening oor die voldoening aan voorwaardes aan lisensiehouers opgelê, uit te brei; om sekere vaste voorwaardes van lisensies verleen ten opsigte van persele in die Rehoboth Gebied en in goedgekeurde dorpe vir Kleurlinge, te skrap; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Artikel 42 van die Drankordonnansie 1969 (Ordonnansie 2 van 1969) – hieronder die Hoofordonnansie genoem – word hierby gewysig deur subartikels (4), (5) en (6) deur die volgende subartikels te vervang:

Wysiging van artikel 42 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 9 van Ordonnansie 20 van 1971.

“(4) Geen voorwaarde of beperking opgelê deur die Uitvoerende Komitee of die raad of met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee verleen kragtens artikel 81(3), mag op versoek van die aansoeker gewysig of geskrap word nie, tensy die aansoeker aan die landdros die skriftelike toestemming van die Uitvoerende Komitee of die raad, na gelang, voorgelê het: Met dien verstande dat waar 'n voorwaarde of beperking deur die Uitvoerende Komitee opgelê is kragtens 'n wet wat by artikel 160 herroep word, die raad die bevoegdheid het om toestemming tot die beoogde wysiging of skraping te verleen of andersins.

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.

(No. 22 of 1975.)

(5) The provisions of subsection (4) shall not be construed so as to compel a magistrate to grant an application for the amendment or deletion of a condition or restriction in a licence imposed by the Executive Committee or the board or with the approval of the Executive Committee granted under section 81(3), if permission therefor has been obtained as provided in subsection (4).

(6) Whenever a magistrate by himself intends to amend or delete a condition or restriction referred to in subsection (4), he shall advise the applicant of that intention and thereupon apply to the Executive Committee or the board, as the case may be, for permission in terms of that subsection and the applicant may thereupon also make such representations as he may deem necessary to the Executive Committee or the board, as the case may be, in regard to the granting or otherwise of such permission."

Amendment of section 47 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 11 of Ordinance 18 of 1969, section 7 of Ordinance 9 of 1970, section 10 of Ordinance 20 of 1971 and section 10 of Ordinance 9 of 1972.

2. Section 47 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) No fee shall be payable under this section in respect of -

- (a) any application for a temporary liquor licence in terms of section 56; or
- (b) any application in terms of section 76; or
- (c) any application dealt with by the board at a special meeting convened in terms of an order made under section 27(2); or
- (d) any application for the amendment of the conditions or restrictions of a licence in terms of section 86B."

Substitution of section 68 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 13 of Ordinance 9 of 1970.

3. The following section is hereby substituted for section 68 of the principal Ordinance:

"General suitability of premises.

68. Before granting any application for the granting or the renewal of a licence or the temporary or permanent removal of a licence to other premises, the competent authority shall satisfy itself that the premises in respect of which the application is made or to which the licence is to be

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

(5) Die bepalings van subartikel (4) mag nie uitgelê word as sou dit 'n landdros verplig om 'n aansoek om die wysiging of skraping van 'n voorwaarde of beperking in 'n lisensie, opgelê deur die Uitvoerende Komitee of die raad of met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee verleen kragtens artikel 81(3), toe te staan as toestemming daarvoor verkry is soos bepaal in subartikel (4) nie.

(6) Wanneer ook al 'n landdros uit eie beweging voornemens is om 'n voorwaarde of beperking bedoel in subartikel (4) te wysig of te skrap, moet hy die aansoeker in kennis stel van daardie voorneme en daarop by die Uitvoerende Komitee of die raad, na gelang, aansoek doen om toestemming ooreenkomstig daardie subartikel, en die aansoeker kan daarop ook sodanige verhoë soos hy nodig ag aan die Uitvoerende Komitee of die raad, na gelang, rig ten opsigte van die toestaan of andersins van sodanige toestemming."

2. Artikel 47 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Geen gelde is betaalbaar kragtens hierdie artikel ten opsigte van -

- (a) enige aansoek om 'n tydelike dranklisensie ooreenkomstig artikel 56; of
- (b) enige aansoek kragtens artikel 76; of
- (c) enige aansoek wat deur die raad behandel word by 'n spesiale vergadering belê ooreenkomstig 'n bevel uitgereik kragtens artikel 27(2); of
- (d) enige aansoek om die wysiging van die voorwaardes of beperkings van 'n lisensie kragtens artikel 86B

nie."

3. Artikel 68 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Algemene
geskiktheid van
perseel.

68. Voordat hy 'n aansoek om die verlening of die hernuwing van 'n lisensie of om die tydelike of permanente verplasing van 'n lisensie na 'n ander perseel toestaan, moet die bevoegde gesag hom oortuig dat die perseel in verband waarmee die aansoek gedoen word, of waarheen die

Wysiging van artikel 47 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 11 van Ordonnansie 18 van 1969, artikel 7 van Ordonnansie 9 van 1970, artikel 10 van Ordonnansie 20 van 1971 en artikel 10 van Ordonnansie 9 van 1972.

Vervanging van artikel 68 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 13 van Ordonnansie 9 van 1970.

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

removed, afford or when completed will afford suitable and satisfactory accommodation for all purposes to which they may lawfully, in terms of the licence, be put and if the premises are situated in the vicinity of a place of worship or a school or a native compound, or native village, that the business will be conducted in such a manner as not to prejudice the conduct of such place of worship or school, or prejudice the occupants of such native compound or native village.”.

Amendment of section 76 of Ordinance 2 of 1969, as substituted by section 18 of Ordinance 9 of 1970 and amended by section 20 of Ordinance 20 of 1971 and section 25 of Ordinance 9 of 1972.

4. Section 76 of the principal Ordinance is hereby amended -

(a) by the substitution for the word “restaurantliensie” in the Afrikaans text of subsection (1) of the word “restaurantdranklisensie”;

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) On receipt of an application referred to in subsection (1) the Director shall issue such licence to the applicant in the prescribed form.”;

(c) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

“(2A) When issuing any licence in terms of subsection (2) the Director may impose such conditions as he may deem fit in respect of -

(a) any structural alteration or arrangement of or additions or repairs to the premises in respect of which the application is made;

(b) accommodation to be afforded on such premises to the public including the provision of seats in the restricted portion;

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

lisensie verplaas gaan word, geskikte en bevredigende akkommodasie vir alle doeleindes waarvoor dit, kragtens die lisensie, wettig gebruik kan word, bevat of sal bevat wanneer dit voltooi is en, as die perseel in die nabyheid van 'n plek van erediens of 'n skool of 'n inboorlingkampong of inboorlingdorp staan, dat die besigheid sodanig gedryf sal word dat die verrigtings op daardie plek van erediens of in daardie skool nie gesteur sal word of die bewoners van daardie inboorlingkampong of inboorlingdorp nie benadeel sal word nie.”.

4. Artikel 76 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig -

Wysiging van artikel 76 van Ordonnansie 2 van 1969, soos vervang deur artikel 18 van Ordonnansie 9 van 1970 en gewysig deur artikel 20 van Ordonnansie 20 van 1971 en artikel 25 van Ordonnansie 9 van 1972.

(a) deur in die Afrikaanse teks van subartikel (1) die woord “restaurantlisensie” deur die woord “restaurantdranklisensie” te vervang;

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) By ontvangs van 'n aansoek waarna in subartikel (1) verwys word, moet die Direkteur sodanige lisensie in die voorgeskrewe vorm aan die aansoeker uitreik.”;

(c) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

“(2A) By die uitreiking van enige lisensie in gevolge subartikel (2) kan die Direkteur die voorwaardes wat hy goedvind opleë ten opsigte van -

(a) enige strukturele verandering of rangskikking van of aanbousels of herstel aan die perseel ten opsigte waarvan die aansoek gedoen is;

(b) akkommodasie wat op sodanige perseel aan die publiek verskaf moet word insluitende die verskaffing van sitplekke in die beperkte gedeelte;

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

- (c) means of egress in the case of fire, proper drainage and sanitary arrangements and conveniences upon the premises; or
- (d) any other matter deemed by it to be necessary in order to meet the reasonable requirements of the public or visitors upon the premises or to facilitate supervision by the police, or in any other respect,

and may stipulate the period of time within which any such condition shall be complied with by the licensee.”; and

- (d) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) (a) an application for the renewal of an accommodation establishment on-consumption licence shall be in the prescribed form and may be lodged with the Director not earlier than the second day of January and not later than the thirty-first day of January in any year.

- (b) In any application referred to in paragraph (a) the applicant shall state whether the application is an application for renewal under the same or under amended conditions which shall be specified in such application.”.

Substitution of section 81
of Ordinance 2 of 1969.

5. The following section is hereby substituted for section 81 of the principal Ordinance:

“Res-
tricted
use of
licensed
premises.

81. (1) In granting any application for the issue, grant or renewal of a licence for the sale of liquor under this ordinance, the competent authority may

- (a) determine that any particular portion of the premises, other than the dining room.

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

- (c) uitgangswêë in die geval van brand, behoorlike dreinerings en sanitêre reëlings en geriewe op die perseel; of
- (d) enige ander saak wat hy nodig ag ter voldoening aan die redelike behoeftes van die publiek of besoekers aan die perseel of ter vergemakking van toesig deur die polisie, of in enige ander opsig,

en kan hy die tydperk bepaal waarbinne so 'n voorwaarde nagekom moet word deur die lisensiehouer.”; en

- (d) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) (a) 'n Aansoek om die hernuwing van 'n binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting moet in die voorgeskrewe vorm wees en kan nie eerder nie as die tweede dag van Januarie en nie later nie as die een-en-dertigste dag van Januarie in enige jaar by die Direkteur ingedien word.

- (b) In enige aansoek bedoel in paragraaf (a) moet die aansoeker meld of die aansoek 'n aansoek is om hernuwing op dieselfde of op gewysigde voorwaardes wat in sodanige aansoek genoem moet word.”.

5. Artikel 81 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 81 van Ordonnansie 2 van 1969.

“Beperkte gebruik van gelisensieerde perseel.

81. (1) By die toestaan van enige aansoek om die uitreiking, verlening of hernuwing van 'n lisensie vir die verkoop van drank kragtens hierdie ordonnansie kan die bevoegde gesag

- (a) bepaal dat 'n bepaalde gedeelte van die perseel, buiten die eetsaal, waarop

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

be conducted, shall be included in the restricted portion; and

(b) impose a condition that -

(i) liquor shall be supplied to any particular class or classes or all classes of persons only in a place upon the licensed premises specially set apart for such purpose;

(ii) in the case of an on-consumption licence, liquor shall, subject to such exceptions as the competent authority may generally determine or any concession which the Executive Committee may make in any particular case, be supplied to a particular class or classes of persons only.

(2) (a) If the competent authority decides to impose any conditions referred to in subsection (1)(b) in respect of an on-consumption licence or to impose no conditions referred to in subsection (1)(b) in respect of an on-consumption licence and such decision has the effect that under such licence liquor may in any place on the licensed premises be supplied to more than one race of persons, the competent authority shall forthwith notify the Executive Committee of such decision and at the same time furnish the Executive Committee with a report on the matter, together with -

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

die besigheid gedryf gaan word, by die beperkte gedeelte gereken moet word; en

(b) 'n voorwaarde oplê dat -

(i) drank aan 'n bepaalde klas of klasse of alle klasse van persone alleen verskaf kan word in 'n plek op die gelisensieerde perseel wat spesiaal vir daardie doel afgesonder is:

(ii) in die geval van 'n binneverbruikslisensie drank, behoudens die uitsonderings wat die bevoegde gesag in die algemeen bepaal of enige toeweging wat die Uitvoerende Komitee in 'n besondere geval doen, slegs aan 'n bepaalde klas of klasse van persone verskaf mag word.

(2) (a) As die bevoegde gesag besluit om enige voorwaardes bedoel in subartikel (1)(b) ten opsigte van 'n binneverbruikslisensie op te lê of om geen voorwaardes bedoel in subartikel (1)(b) ten opsigte van 'n binneverbruikslisensie op te lê nie en daardie besluit het tot gevolg dat drank kragtens sodanige lisensie in enige plek op die gelisensieerde perseel aan meer as een ras van persone verskaf mag word, moet die bevoegde gesag die Uitvoerende Komitee onverwyld van daardie besluit in kennis stel en terselfdertyd 'n verslag oor die saak tsaam met -

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

[Faint, illegible text from the reverse side of the page is visible through the paper.]

(i) in the case of a decision taken by the Director, the application and any other documents and information in connection with it which had been submitted to him;

(ii) in the case of a decision taken by the board or the magistrate, as the case may be, the record of the proceedings at the hearing of the application:

Provided that it shall not be necessary to inform the Executive Committee of any such decision if a renewal of the licence on the same conditions as those already approved by the Executive Committee is authorized by such decision.

(b) The report referred to in paragraph (a) shall include the competent authority's reasons for its decision and the conditions and restrictions (if any) which the competent authority considers should be imposed under subsection (1) or any other section of this ordinance.

(3) The Executive Committee may, after consideration of all the documents and information referred to in subsection (2) in its absolute discretion, either reject or approve the competent authority's decision, and -

(a) amend or delete any condition or restriction suggested by the competent authority;

(b) impose such conditions and restrictions as it may deem fit;

(c) add to any conditions and restrictions suggested by the

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,

1975.

(No. 22 van 1975).

(i) in die geval van 'n besluit geneem deur die Direkteur, die aansoek en enige ander dokumente en inligting in verband daarmee wat aan hom voorgelê is;

(ii) in die geval van 'n besluit geneem deur die raad of 'n landdros, na gelang, die notule van die verrigtings by die verhoor van die aansoek,

aan die Uitvoerende Komitee stuur: Met dien verstande dat dit nie nodig is om die Uitvoerende Komitee van enige sodanige besluit in kennis te stel nie as 'n hernuwing van die lisensie op dieselfde voorwaardes as dié wat reeds deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is deur sodanige besluit gemagtig word.

(b) Die verslag bedoel in paragraaf (a) moet die bevoegde gesag se redes vir sy besluit en die voorwaardes en beperkings (indien enige) wat die bevoegde gesag meen kragtens subartikel (1) of enige ander artikel van hierdie ordonnansie opgelê moet word, insluit.

(3) Die Uitvoerende Komitee kan na oorweging van al die dokumente en inligting bedoel in subartikel (2), na algehele eie goeddunke die bevoegde gesag se besluit of verwerp of goedkeur, en -

(a) enige voorwaarde of beperking deur die bevoegde gesag voorgestel wysig of skrap;

(b) die voorwaardes en beperkings wat hy goedvind, opla;

(c) die verdere voorwaardes en beperkings wat hy goedvind

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.

(No. 22 of 1975.)

competent authority, such further conditions and restrictions as it may deem fit.

(4) The Executive Committee's decision under subsection (3) shall be conveyed to the competent authority and upon receipt thereof -

(a) The Director shall, in the case of an application made to him, issue the licence concerned according to the decision of the Executive Committee;

(b) the magistrate concerned shall, in the case of an application made to him, in respect of such application issue a certificate referred to in section 9 in accordance with the decision of the Executive Committee;

(c) the secretary to the board shall, in the case of an application made to the board, in respect of such application issue a certificate referred to in section 9 in accordance with the decision of the Executive Committee."

Substitution of section 82 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 26 of Ordinance 9 of 1972.

6. The following section is hereby substituted for section 82 of the principal Ordinance:

"No alteration of licensed premises without authority.

82. (1) Subject to the provisions of subsection (2) and of sections 31 and 76(2A), no structural alteration or addition to any licensed premises shall be carried out without the written authority of -

(a) the Director in the case of an accommodation establishment on-consumption licence; or

(b) the magistrate of the district in the case of any other licence.

(2) A magistrate may, when authorizing the renewal of any

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

byvoeg by enige voorwaardes en beperkings deur die bevoegde gesag voorgestel.

(4) Die Uitvoerende Komitee se beslissing kragtens subartikel (3) moet aan die bevoegde gesag deurge- stuur word en by ontvangs daarvan -

(a) moet die Direkteur, in die geval van 'n aansoek by hom gedoen, die betrokke lisensie uitreik ooreenkomstig die beslissing van die Uitvoer- ende Komitee;

(b) moet die betrokke landdros, in die geval van 'n aansoek by hom gedoen, ten opsigte van die aansoek 'n sertifikaat bedoel in artikel 9 uitreik ooreenkomstig die beslissing van die Uitvoerende Komitee;

(c) moet die sekretaris van die raad, in die geval van 'n aan- soek by die raad gedoen, ten opsigte van die aansoek 'n sertifikaat bedoel in artikel 9 uitreik ooreenkomstig die beslissing van die Uitvoer- ende Komitee."

6. Artikel 82 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Geen verande- ring van gelis- sieerde perseel sonder magtig- ing.

82. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) en van artikels 31 en 76(2A) mag geen strukturele verandering of aanbousels aan enige gelisensieerde perseel sonder die skriftelike magtiging van -

(a) die Direkteur in die geval van 'n binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting; of

(b) die landdros van die distrik in die geval van enige ander lisensie,

uitgevoer word nie.

(2) By die magtiging tot hernu- wing van 'n lisensie, buiten 'n

Vervanging van artikel 82 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 26 van Ordon- nansie 9 van 1972.

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

licence other than an accommodation establishment on-consumption licence, impose such conditions as he may deem fit in respect of -

- (a) any structural alteration or arrangement of, or additions or repairs to, the premises in respect of which the application is made;
- (b) accommodation to be afforded on such premises to the public, including the provision of seats in the restricted portion;
- (c) any other matter deemed by him to be necessary in order to meet the reasonable requirements of the public or visitors upon the premises or to facilitate supervision by the police, or in any other respect,

and may stipulate the period of time within which any such condition shall be complied with by the licensee or may stipulate that a licence shall not be renewed until the nearest commissioned officer of police has certified in writing that the condition has been complied with.”.

Insertion of sections 86A, 86B, 86C and 86D in Ordinance 2 of 1969.

7. The principal Ordinance is hereby amended -

- (a) by the insertion after section 86 of the following superscription:

“F. AMENDMENT OF CONDITIONS.”;
and

- (b) by the insertion after the said superscription as inserted by paragraph (a) of this section of the following sections:

“Amendment of conditions and restrictions during period of validity of licences.

86A. (1) The Executive Committee may at any time during the period of validity of a licence of its own accord or on application of the holder of such licence in terms of section 86B -

- (a) amend or delete any condition or restriction imposed in respect of such licence;

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.

(No. 22 van 1975).

binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting, kan die landros die voorwaardes wat hy goedvind ople ten opsigte van -

- (a) enige strukturele verandering of rangskikking van of aanbousels of herstel aan die perseel ten opsigte waarvan die aansoek gedoen is;
- (b) akkommodasie wat op sodanige perseel aan die publiek verskaf moet word insluitende die verskaffing van sitplekke in die beperkte gedeelte;
- (c) enige ander saak wat hy nodig ag ter voldoening aan die redelike behoeftes van die publiek of besoekers aan die perseel of ter vergemakking van toesig deur die polisie, of in enige ander opsig,

en kan hy die tydperk bepaal waarbinne so 'n voorwaarde nagekom moet word deur die lisensiehouer of kan hy bepaal dat 'n lisensie nie hernieu mag word nie voordat die naaste polisie-offisier skriftelik gesertifiseer het dat die voorwaarde nagekom is.”.

7. Die Hoofordonnansie word hierby gewysig -

Invoeging van artikels 86A, 86B, 86C en 86D in Ordonnansie 2 van 1969.

- (a) deur na artikel 86 die volgende opskrif in te voeg:

“F. WYSIGING VAN VOORWAARDES.”; en

- (b) deur na bedoelde opskrif soos deur paragraaf (a) van hierdie artikel ingevoeg die volgende artikels in te voeg:

“Wysiging van voorwaardes en beperking gedurende geldigheidsduur van lisensie.”

86A. (1) Die Uitvoerende Komitee kan te eniger tyd gedurende die geldigheidsduur van 'n lisensie uit eie beweging of op aansoek van die houer van sodanige lisensie ingevolge artikel 86B -

- (a) enige voorwaarde of beperking ten opsigte van so-

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

- (b) impose such conditions and restriction or further conditions and restrictions in respect of such licence as it may deem fit.

(2) Before the Executive Committee under subsection (1) of its own accord -

- (a) amends or deletes any condition or restriction imposed in respect of a licence; or
- (b) imposes any condition or restriction or any further condition or restriction in respect of a licence

the Executive Committee shall -

- (i) cause a notice in which -
 - (aa) the amendment or deletion suggested or the new condition or restriction suggested, as the case may be, is mentioned; and
 - (bb) the holder of the relevant licence is notified that objections to or petitions in connection with the suggestion shall be lodged with the Executive Committee within the period mentioned in such notice

to be served on the holder of the relevant licence, such service to be effected by registered post addressed to the holder of the relevant licence at his last known address; and

- (ii) comply with the provisions of section 86C, which shall

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

danige lisensie opgelê,
wysig of skrap;

(b) die voorwaardes en
beperkings of verdere
voorwaardes en beperkings
wat hy goedvind ten op-
sigte van sodanige lisensie
oplê.

(2) Voordat die Uitvoerende
Komitee kragtens subartikel (1) uit-
eie beweging -

(a) enige voorwaarde of
beperking ten opsigte van
'n lisensie opgelê, wysig of
skrap; of

(b) enige voorwaarde of
beperking of enige verdere
voorwaarde of beperking
ten opsigte van 'n lisensie
oplê,

moet die Uitvoerende Komitee -

(i) 'n kennisgewing waarin -

(aa) die voorgestelde wys-
iging of skraping of
die voorgestelde nu-
we voorwaarde of be-
perking, na gelang,
vermeld word; en

(bb) die houer van die be-
trokke lisensie in ken-
nis gestel word dat
besware teen of ver-
toë in verband met die
voorstel by die Uit-
voerende Komitee
ingedien moet word
binne die tydperk wat
in sodanige kennisge-
wing genoem word,

aan die houer van die
betrokke lisensie laat
bestel, sodanige bestelling
te geskied per aangeteken-
de pos geadresseer aan
die houer van die betrokke
lisensie by sy laaste
bekende adres; en

(ii) voldoen aan die bepalings
van artikel 86C wat *muta-*

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

apply *mutatis mutandis* as if application had been made for the amendment, deletion or imposition suggested of the condition or restriction concerned, as the case may be.

Form and method of application for amendment of conditions and restrictions.

86B. (1) The holder of a licence who wishes to apply to the Executive Committee for -

- (a) the amendment or deletion of any condition or restriction imposed in respect of such licence;
- (b) the imposition of any condition or restriction or any further condition or restriction in respect of such licence,

shall lodge his application with the Secretary for South West Africa.

(2) Every such application shall be in the prescribed form and shall be accompanied by the documents, information and particulars required by the Executive Committee.

Consideration of application by Executive Committee.

86C. (1) The Secretary for South West Africa shall submit every application referred to in section 86B to the Executive Committee together with all relevant documents, information and particulars and any remarks on the matter which he may desire to make.

(2) The Executive Committee may when considering any such application require the commissioned officer of police referred to in section 115, any local authority, any department, branch or section of the Administration or any other person or body to furnish the Executive Committee with any information which it may deem necessary to arrive at a decision on the application.

(3) After consideration of the application and other relevant documents, information, particulars

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

Vorm en
wyse van
aansoek
om wy-
siging
van voor-
waardes
en be-
perk-
ings.

tis mutandis van toepas-
sing is asof 'n aansoek om
die voorgestelde wysiging,
skrapping of oplegging van
die betrokke voorwaarde
of beperking, na gelang,
gedoen was.

86B. (1) Die houer van 'n lisensie
wat by die Uitvoerende Komitee aan-
soek wil doen om -

- (a) die wysiging of skrapping
van enige voorwaarde of
beperking ten opsigte van
sodanige lisensie opgelê;
- (b) die oplegging van enige
voorwaarde of beperking of
enige verdere voorwaarde
of beperking ten opsigte
van sodanige lisensie

moet sy aansoek by die Sekretaris
van Suidwes-Afrika indien.

(2) Elke sodanige aansoek
moet in die voorgeskrewe vorm wees
en moet vergesel wees van die doku-
mente, inligting en besonderhede wat
die Uitvoerende Komitee verlang.

Oorwe-
ging van
aansoek
deur Uit-
voerende
Komitee.

86C. (1) Die Sekretaris van
Suidwes-Afrika lê elke aansoek
bedoel in artikel 86B, tesame met aile
ter sake dienende dokumente, inlig-
ting en besonderhede en enige
opmerkings oor die saak wat hy wens
te maak aan die Uitvoerende
Komitee voor.

(2) Die Uitvoerende Komitee
kan by die oorweging van enige
sodanige aansoek die polisie-offisier
bedoel in artikel 115, enige plaaslike
bestuur, enige departement, afdeling
of seksie van die Administrasie of
enige ander persoon of liggaam aansê
om enige inligting aan die Uit-
voerende Komitee te verstrek wat hy
nodig vind om tot 'n beslissing oor
die aansoek te kan geraak.

(3) Na oorweging van die aan-
soek en die ander ter sake dienende
dokumente, inligting, besonderhede
en opmerkings, kan die Uitvoerende

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.

(No. 22 of 1975.)

Endorse-
ment of
licence.

and remarks, the Executive Com-
mittee may grant the application or
refuse it.

86D. Whenever the Executive Com-
mittee has under this section -

- (a) amended or deleted any condition or restriction imposed in respect of a licence; or
- (b) imposed any condition or restriction or any further condition or restriction in respect of a licence

the Executive Committee shall cause

- (i) the Director, in the case of an accommodation establishment on-consumption licence;
- (ii) the magistrate of the district in which the licensed premises are situated, in the case of any other licence,

to be notified thereof and the Director or the magistrate concerned, as the case may be, shall request the holder of the relevant licence in writing to deliver such licence to him within a period of fourteen days or within such longer period as the Director or the magistrate concerned, as the case may be, may on request allow, for endorsement thereon of the amendment or deletion thus effected or the condition or restriction or further condition or restriction thus imposed."

Repeal of section 90 of Ordinance 2 of 1969.

8. Section 90 of the principal Ordinance is hereby repealed.

Substitution of section 108 of Ordinance 2 of 1969.

9. The following section is hereby substituted for section 108 of the principal Ordinance:

"Addition to rent where premises altered or added to by lessor.

108. Whenever in consequence of any condition imposed by the competent authority under section 31, 76(2A) or 82 a lessor has altered or added to premises upon which is carried on a business under

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

Komitee die aansoek toestaan of weier.

Endosae-
ring van
lisensie.

86D. Wanneer die Uitvoerende Komitee kragtens hierdie artikel -

- (a) enige voorwaarde of beperking ten opsigte van 'n lisensie opgelê, gewysig of geskrap het; of
- (b) enige voorwaarde of beperking of enige verdere voorwaarde of beperking ten opsigte van 'n lisensie opgelê het,

moet die Uitvoerende Komitee -

- (i) die Direkteur, in die geval van 'n binneverbruikslisensie vir 'n huisvestingsinrigting; of
- (ii) die landdros van die distrik waarin die gelisensieerde perseel geleë is, in die geval van enige ander lisensie

daarvan in kennis laat stel en moet die Direkteur of bedoelde landdros, na gelang, die houer van die betrokke lisensie skriftelik versoek om sodanige lisensie binne 'n tydperk van veertien dae of binne so 'n langer tydperk soos die Direkteur of bedoelde landdros, na gelang, op versoek toelaat aan hom te lewer vir endossering daarop van die wysiging of skraping aldus aangebring of die voorwaarde of beperking of verdere voorwaarde of beperking aldus opgelê."

8. Artikel 90 van die Hoofordonnansie word hierby herroep.

Herroeping van artikel 90 van Ordonnansie 2 van 1969.

9. Artikel 108 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 108 van Ordonnansie 2 van 1969.

"Verhoging van huur waar verhuurder perseel verander of vergroot.

108. Wanneer 'n verhuurder ten gevolge van 'n voorwaarde deur die bevoegde gesag opgelê kragtens artikel 31, 76(2A) of 82 'n perseel waarop kragtens 'n binneverbruikslisensie

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

an on-consumption licence and the expenditure incurred has exceeded two hundred rand, such lessor may, notwithstanding any term of the lease, as from the date of the completion of the alteration or addition, increase the rent of such premises by a sum not exceeding ten per cent per annum of the amount of the expenditure incurred, and the rental so increased shall be deemed to be the rent due under the lease.”.

Amendment of section 111 of Ordinance 2 of 1969.

10. Section 111 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition to subsection (2) of the following proviso:

“Provided that no difference shall in that manner be made between different races of persons.”.

Amendment of section 112 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 22 of Ordinance 18 of 1969.

11. Section 112 of the principal Ordinance is hereby amended -

(a) by the deletion of paragraph (b) of subsection (2); and

(b) by the addition to subsection (3) of the following proviso:

“Provided that no difference shall in that manner be made between different races of persons.”.

Amendment of section 113 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 23 of Ordinance 18 of 1969.

12. Section 113 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition to subsection (5) of the following proviso:

“Provided that no difference shall in that manner be made between different races of persons.”.

Substitution of section 116 of Ordinance 2 of 1969, as amended by section 27 of Ordinance 9 of 1970.

13. The following section is hereby substituted for section 116 of the principal Ordinance:

“Report by police on failure of licensee to carry out condition.

116. (1) The commissioned officer of police designated in terms of section 115 shall ascertain whether any condition imposed by the board or the Director or the magistrate of the district concerned, as the case may be, upon any licensee as to any structural alteration or arrangement of, or addition to, the premises in respect of which any licence has been granted or renewed or as to the

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

sensie besigheid gedryf word, verander of daarby aangebou het en die aangeane koste meer as twee honderd rand bedra, kan die verhuurder, nieteenstaande enige huurvoorwaarde, vanaf die datum van voltooiing van die verandering of aanbousel, die huurgeld van die perseel verhoog met 'n bedrag van hoogstens tien persent per jaar van die aangeane onkoste, en die aldus verhoogde huurgeld word beskou as die huurgeld wat kragtens die huur verskuldig is."

10. Artikel 111 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (2) te voeg:

Wysiging van artikel 111 van Ordonnansie 2 van 1969.

"Met dien verstande dat geen onderskeid op daardie wyse tussen verskillende rasse van persone gemaak mag word nie."

11. Artikel 112 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig -

Wysiging van artikel 112 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 22 van Ordonnansie 18 van 1969.

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (2) te skrap; en

(b) deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (3) te voeg:

"Met dien verstande dat geen onderskeid op daardie wyse tussen verskillende rasse van persone gemaak mag word nie."

12. Artikel 113 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (5) te voeg:

Wysiging van artikel 113 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 23 van Ordonnansie 18 van 1969.

"Met dien verstande dat geen onderskeid op daardie wyse tussen verskillende rasse van persone gemaak mag word nie."

13. Artikel 116 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 116 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 27 van Ordonnansie 9 van 1970.

"Polisie-
verslag
oor li-
sensie-
houer-
se ver-
suim
om aan
voor-
waarde
te vol-
doen."

116. (1) Die polisie-offisier aangewys ooreenkomstig artikel 115 moet vasstel of aan 'n voorwaarde deur die raad of die Direkteur of die landdros van die betrokke distrik, na gelang, aan 'n lisensiehouer opgelê oor enige strukturele verandering aan of rangskikking

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

accommodation to be afforded on such premises to the public, or as to any other matter whatsoever has, within any period of time which may have been stipulated by the board or the Director or the magistrate, as the case may be, been complied with, and shall report thereon to

- (a) the Director in the case of any condition imposed by the Director;
- (b) the magistrate of the district concerned in the case of any condition imposed by the board or the said magistrate, as the case may be.

(2) If it should appear from such report that there has been failure to comply with any of or all the conditions mentioned in subsection (1) the Director or the magistrate, as the case may be, shall cause a copy of the report to be served on the licensee or send it to him by registered post with the request that the reasons for the failure be furnished to him in writing within fourteen days after the date of service on or receipt by the licensee of such copy, as the case may be.

(3) On receipt of the reasons mentioned in subsection (2) the Director or the magistrate, as the case may be, shall send such reasons together with the report mentioned in subsection (1) and his comments and recommendations to the Executive Committee for the suspension or the cancellation of the licence or such other decision as it may deem expedient."

Amendment of section 140 of Ordinance 2 of 1960, as amended by section 27 of Ordinance 18 of 1969, section 28 of Ordinance 20 of 1971 and section 33 of Ordinance 9 of 1972.

14. Section 140 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of the following paragraph:

"(c) supplies liquor to any employee in contravention of the provisions of section 89:"

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

ten opsigte waarvan 'n lisensie verleen of hernieu is of oor die akkommodasie wat op die perseel vir die publiek beskikbaar moet wees, of oor enige ander saak hoegenaamd, voldoen is binne enige tydperk wat die raad of die Direkteur of die landdros, na gelang, bepaal het, en moet daarvoor verslag doen aan -

- (a) die Direkteur in die geval van 'n voorwaarde opgelê deur die Direkteur;
- (b) die landdros van die betrokke distrik in die geval van 'n voorwaarde opgelê deur die raad of bedoelde landdros, na gelang.

(2) Indien dit uit sodanige verslag blyk dat versuim is om te voldoen aan enige van of al die voorwaardes vermeld in subartikel (1), moet die Direkteur of die landdros, na gelang, 'n afskrif van die verslag op die lisensiehouer laat bestel of per aangetekende pos aan hom stuur met die versoek dat die redes vir die versuim skriftelik aan hom verstrekk moet word binne veertien dae na die datum van bestelling op of ontvangs deur die lisensiehouer van sodanige afskrif, na gelang.

(3) By ontvangs van die redes vermeld in subartikel (2) stuur die Direkteur of die landdros, na gelang, sodanige redes tesame met die verslag vermeld in subartikel (1) en sy kommentaar en aanbevelings aan die Uitvoerende Komitee vir die opskorting of die intrekking van die lisensie of die ander beslissing wat hy dienstig ag."

14. Artikel 140 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) drank strydig met die bepalings van artikel 89 verskaf aan 'n werknemer;"

Wysiging van artikel 140 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 27 van Ordonnansie 18 van 1969, artikel 28 van Ordonnansie 20 van 1971 en artikel 33 van Ordonnansie 9 van 1972.

SECOND LIQUOR AMENDMENT ORDINANCE,
1975.
(No. 22 of 1975.)

Amendment of section 148
of Ordinance 2 of 1969, as
amended by section 31 of
Ordinance 18 of 1969 and
section 34 of Ordinance 9
of 1972.

15. Section 148 of the principal Ordinance is hereby
amended by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 149
of Ordinance 2 of 1969.

16. Section 149 of the principal Ordinance is hereby
amended by the deletion of subsection (2).

Short title.

17. This Ordinance shall be called the Second Liquor
Amendment Ordinance, 1975.

TWEEDE DRANKWYSIGINGSORDONNANSIE,
1975.
(No. 22 van 1975).

15. Artikel 148 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 148 van Ordonnansie 2 van 1969, soos gewysig deur artikel 31 van Ordonnansie 18 van 1969 en artikel 34 van Ordonnansie 9 van 1972.

16. Artikel 149 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 149 van Ordonnansie 2 van 1969.

17. Hierdie Ordonnansie heet die Tweede Drankwysigingsordonnansie, 1975.

Kort titel.